



Oosies

NUUSBRIEF

2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

20/2026

4 Junie 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Oosie-ouers, voogde en leerders

Die tweede kwartaal stap vinnig na sy einde met nog net twee weke en 'n dag van formele eksamens. Dit is vir my 'n voorreg om mooi prestasies in ons sport en kultuur uit te lig.

Baie geluk aan ons o.14A-netbalspan wat deurgedring het na die Tshwane Netbal Uitspele, wat op 6 Junie 2026 by Hoërskool Montana plaasvind. 'n Besondere gelukwensing ook aan ons o.19A Eerste netbalspan wat gekwalifiseer het vir die Gauteng Netbalkampioenskappe, wat op 13 en 14 Junie 2026 by Hoërskool Florida aangebied word. Ons is trots op hierdie spanne en wens hulle alle sterkte toe vir die onderskeie kampioenskappe.

Hoewel die formele skolelandloopliga nog nie afgeskop het nie, het Oos-Moot se atlete reeds uitstekende prestasies tydens klub- en voorseisoenbyeenkomste gelewer. Ons atlete het sterk meegeding by die NWU-reeks, die Menlopark-aflös en die liga-byeenkoms by Sutherland, waar verskeie Oosies podiumplekke en top-10-posisies behaal het. Uitstaande prestasies sluit in Mizaan Louwies se derde plek, Evan Cilliers se vyfde plek, asook sterk vertonings deur JM Maritz en Daniël Esterhuizen. Ons is ook opgewonde oor die versterking van ons afrigtingspan met die aanstelling van me R Thomas, asook die toevoeging van me R van der Walt en me M van Deventer. Die nuwe energie en entoesiasme rondom die program skep 'n stewige grondslag vir die seisoen wat voorlê. Oosies, kom sluit aan by die landloopoefeninge – hoe meer voete op die baan, hoe sterker word Oosie landloop.

Met die skoleliga wat binnekort begin, sien ons uit na 'n opwindende seisoen en glo ons dat Oosie Landloop op pad is na 'n sterk herlewing. Landloop bly 'n sport wat deursettingsvermoë, dissipline en karakter bou – eienskappe wat in alle sportsoorte van groot waarde is.

Ons Rasieleiers het onlangs uitstekend gevaar by die IFAA Dance Awards, waar hulle 'n indrukwekkende 89%, 'n 3de plek algeheel en twee spesiale toekennings behaal het. Die IFAA Dance Awards, deel van die International Fine Arts Association, bied 'n waardevolle platform waar deelnemers van regoor Suid-Afrika hul talent kan ontwikkel en hulself op provinsiale, nasionale en internasionale vlak kan meet. Ons is ongelooflik trots op hul prestasie en die wyse waarop hul die skool verteenwoordig het.

Ons Visuele Kunste- en Ontwerpleerders was bevoorreg om die Opedag by Inscape Design College by te woon. Die besoek het aan leerders waardevolle blootstelling gegee aan die wêreld van kreatiewe beroepe en studierigtings. Sulke blootstelling speel 'n belangrike rol om leerders te help met ingeligte loopbaan- en studiekeuses.

Namens die skool wil ek ook my opregte dank uitspreek aan al die borge wat ons Beheerliggaam Gholfdag ondersteun het. Julle bydraes maak dit moontlik om geleenthede te skep wat 'n direkte positiewe invloed op ons leerders en skool het.

Ons waardeer elke borg se betrokkenheid en ondersteuning opreg. Ek moedig ons ouers, personeel en gemeenskap aan om waar moontlik hierdie ondernemings te ondersteun en sodoende hul belegging in ons skool te erken.

Ten slotte wil ek alle ouers en besoekers herinner aan die belangrikheid van ons toegangsbeheermaatreëls. Die veiligheid van ons leerders en personeel bly 'n topprioriteit. Enige ouer en/of besoeker wat gedurende skoolure die skool besoek, moet eers by die skool se ontvangs aanmeld voordat daar verder op die skoolterrein beweeg word. Hierdie prosedure is nie onderhandelbaar nie en help ons om 'n veilige en goed bestuurde omgewing vir almal te verseker. Ons waardeer u samewerking en ondersteuning in hierdie verband.

Vriendelike groete

Me S Theron

HOOF

ALGEMEEN

Belangrike datums en kontakbesonderhede

- 15 Junie : Skoolvakansiedag
- 16 Junie : Jeugdag
- 19 Junie : Pa-en-seun aand Eksamen eindig
- 22 Junie : Winterskool begin
- 22 – 26 Junie: Normale skoolweek
- 26 Junie : Skool sluit

Dringende kennisgewing – Toesig gedurende eksamentyd

Ons wil graag alle ouers en leerders herinner dat die tydperk vanaf die aanvang van die skooldag tot dat die skool amptelik verdaag, steeds as **akademiese skooltyd** beskou word, selfs gedurende die tydperk wat leerders eksamen skryf.

Leerders wat hul eksamenvraestelle voltooi het en nie by 'n georganiseerde skoolaktiwiteit betrokke is nie, word versoek om die skoolterrein te verlaat of in die aangewese studie- of wagareas aan te meld.

Leerders mag nie gedurende hierdie tydperk sonder die toesig van 'n personeellid op sportgronde, atletiekvelde, pawiljoene of ander fasiliteite op die skoolterrein vertoef nie.

Waar leerders gedurende akademiese tyd aan sportoefeninge, kultuuraktiwiteite of enige ander skoolaktiwiteit deelneem, moet sodanige aktiwiteit deur die betrokke afrigter, opvoeder of verantwoorde-like personeellid gereël en **onder toesig** aangebied word.

Die veiligheid van ons leerders bly vir die skool van uiterste belang. Hierdie maatreël word ingestel om te verseker dat behoorlike toesig gehandhaaf word en dat die skool aan sy verantwoordelikheid ten opsigte van leerderveiligheid voldoen.

Ons versoek die samewerking van alle ouers en leerders in hierdie verband.

LIEF EN LEED

Dit is met hartseer dat ons ons innige meegevoel betuig aan Shelby Theologo (Graad 11) en haar familie met die afsterwe van haar vader.

In hierdie moeilike tyd dra ons haar en haar geliefdes in ons gedagtes en gebede. Ons bid dat die mooi herinneringe aan haar vader vir hulle tot troos sal wees in die dae wat voorlê.

"Die Here is naby die gebrokenes van hart en Hy verlos die wat verslae is van gees." – Psalm 34:19.

AKADEMIE

Graad 12 Winterskool

Die graad 12-leerders se Winterskool word hierdie jaar aangebied vanaf 22 Junie tot 11 Julie.

Registrasie

Leerders moet asseblief [hier](#) registreer.

[Winterskoolbrief](#) met inligting t.o.v. vakke, dae en tye.

Toerisme PAT: Gr10 en 11

Neem asseblief kennis van die inligting ten opsigte van hierdie leerders se Toerisme PAT. Volledige inligting is beskikbaar in die inligtingskrywe wat in harde kopie aan leerders uitgegee is en op 3 Junie elektronies aan ouers gestuur is.

Graad 10

11 Junie

Die Toerisme PAT-voorbereiding sal op hierdie dag plaasvind ná afloop van die leerders se geskeduleerde vraestel vanaf 10:00 tot 11:30.

22 Junie

Die formele Toerisme PAT word afgelê.

Graad 11

19 Junie

Die Toerisme PAT-voorbereiding sal op hierdie dag plaasvind ná afloop van die leerders se geskeduleerde vraestel vanaf 09:30 tot 11:00.

22 Junie

Die formele Toerisme PAT word afgelê.

Let wel:

- GEEN leerder mag op hierdie twee dae afwesig wees nie.
- Gewone eksamenreëls geld in terme van kleredrag, netheid en gedrag.
- Leerders het 5 ure om die taak te voltooi.
- Die sessie word opgedeel in twee dele met 'n pouse van 30 minute tussen-in.

Akademiese program: 23 tot 25 Junie

Op 23 Junie hervat normale akademiese tyd en om te verseker dat alle leerders elke vakonderwyser sien voordat die kwartaal afsluit, word die **inhoud van ses roosterdae (D1–D6) oor drie dae aangebied**:

Dinsdag, 23 Junie	:	D1- en D2-rooster
Woensdag, 24 Junie	:	D3- en D4-rooster
Donderdag, 25 Junie	:	D5- en D6-rooster

- Die laaste week van die kwartaal word benut om Kwartaal 2-eksamenvraestelle saam met vakonderwysers deur te werk en enige navrae daarvoor af te handel.
- Leerders wat antwoordstelle verder wil besigtig, kan dit daagliks tot 15:00 by die betrokke vakonderwyser doen.
- Kwartaal 2-eksamenvraestelle sal nie weer aan die begin van Kwartaal 3 bespreek word nie, en geen puntkorleksies ten opsigte van Kwartaal 2-assesserings sal gedurende Kwartaal 3 aangebring word nie.

Skooldrag en voorkoms .

Ons wil ouers en leerders vriendelik herinner dat leerders te alle tye in hul amptelike, korrekte skooldrag geklee moet wees.

Kom asseblief die voorkomsreëls te alle tye noukeurig na sodat ons die skool se standarde kan handhaaf.

- Ons vra vriendelik dat leerders nie hul hare gedurende die skoolvakansie sal kleur of strepies laat insit nie. Dit geld vir seuns én dogters.
- Leerders moet ook nie hul hare volgens die nuutste modegiere sny nie (bv. seuns se “mushroom-styl” – hare super kort onder met baie volume bo).
- 'n Voorkomsinspeksie vind op die eerste dag van elke nuwe kwartaal plaas, en ons vra dat elke Oosie se voorkoms en skooldrag netjies en volgens die skoolreëls sal wees

SOSIAAL**Tiarabal (Gr11)**

Die graad 11-leerders en ouers word ook herinner aan die Tiarabal.

Datum : 24 Julie 2026
 Plek : Hoërskool Oos-Moot skoolsaal
 Tyd : 17:30 vir 18:00 tot 22:00
 Kleredrag : Formeel

Die sluitingsdatum vir betalings en tafelbesprekings is 23 Julie 2026. Volledige inligting is in die [skrywe](#) vervat.

Matriekafskeid 2026

Ons herinner graag ons matriekleerders en ouers aan hierdie spesiale geleentheid.

Datum : 24 September 2026
 Plek : Colosseum Reale Venue
 Tyd : 18:00 – 23:00

Die sluitingsdatum vir die betalings is 31 Julie 2026. Volledige inligting is in die [skrywe](#) vervat.

SPORT**Bepalings, oefentye, programme en uitslae**

Hierdie inligting word, soos ontvang, op die skool se kommunikasiekanale (by die onderskeie sportsoorte geplaas).

RUGBY**Wedstryd en busreëlings**

Datum : [6 Junie](#)
 Plek : Zwartkop
 Busvertrektyd : 06:00
 Terugkeertyd : Ongeveer 14:30 terug

SAGTEBAL**Proewe**

Die sagtebalproewe vir alle belangstellende leerders vind soos volg plaas.

Datum	Ouderdom	Tyd
3 tot 5 Junie	o.14	15:30 tot 18:00
6 Junie	o.14	08:00 tot (10:30-12:00)

Plek : Atletiekveld (Haarhoffstraat)
 Registrasie : [Registreer NOU](#). Registrasies sluit een week voor die proewe.

Navrae kan gerig word aan t.ferreira@oos-moot.co.za.

KULTUUR**KOOR**

Optrede : 5 Junie
 Tyd : 19:00
 Plek : St Albans Cathedral
 Busvervoer vir koorlede
 Vertrektyd : 15:45
 Terugkeertyd : 21:00 by die skool

[Kaartjies](#) : Aanlyn – volg die skakel.

OOSIE-ENGELE

Oosie-Engel Boks-insameling



Volgende kwartaal begin Oosie-Engel met 'n spesiale boks-insameling vir ons mindergegoede seuns en dogters in ons skool en gemeenskap.

Ons nooi almal uit om betrokke te raak deur 'n boksie met noodsaaklike items saam te stel – vir meisies en/of seuns.

Meisies se boksies kan items soos gesigwas, deodorant, lyfroom, sanitêre produkte, lyfseep, spuitgoed, tandeborsel, tandepasta, skeermes, haarrekkies, 'n haarborsel, kam en selfs 'n lekker sjokolade bevat.
Seuns se boksies kan items insluit soos deodorant, lyfroom, lyfseep, gesigwas, spuitgoed, tandeborsel, tandepasta, skeermes, seep, sjampoe, 'n kam en 'n klein bederfie soos sjokolade.

Elke boksie gaan nie net praktiese hulp bied nie, maar ook wys dat iemand omgee.

Skenkings kan voor of op 31 Julie by K18 ingehandig word.

BUITEPRESTASIES**SPORT**

Erkenning van buite-skool prestasies (prestasies buite skoolverband).

Kliek op die skakel hieronder.



PROJEKTE

PVM PRODUKTE

PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!

Bestellings

- Voltooi die [bestelvorm](#).
- Stuur die voltooide vorm en navrae per e-pos na: pieterses@oos-moot.co.za

Afleverings

- Aflevering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.
- U sal 'n e-pos ontvang met die dag en tyd waarop u, u bestelling by die skool kan kom afhaal.

NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrief. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar.



NOORDELIKE
HELPMEKAAR
STUDIEFONDS

ONS HELP MET JOU STUDIELENING

Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIÊRE ONDERRIG in Suid-Afrika

NHS BIED DIE VOLGENDE:

Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

KONTAK ONS



(011) 782 9160



admin@nhsfonds.co.za



noordelikehelpmekaarstudiefonds.org

Waverley

Wiskunde & Wetenskap



Sentrum

Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- **Career Direct:** Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding

Aanvullende onderrig + Beroeps
- & Vakkeuse toetsing

Marina Stander - 083 259 8913

CINDY-ANN LE ROUX
HR / Creditors

012 332 1818
083 226 2307
cindy.ann@blitspia.co.za

www.diydepot.co.za

DIY DEPOT
BLITS

Top Roof
Waterproofing

Ondersteun
jou gemeenskap.

Vra spesifiek by Blits kassiere
Jy wil jou aankope onder

Hoërskool Oos-Moot
Kontantdonasie rekening doen.
Blits gee 10% korting terug aan Hoërskool Oos-Moot.

Blits
House brands

800 34th Avenue,
Villieria
Tel: 083 226 2307
www.blitspia.co.za

DIY DEPOT
BLITS
012 332 1818

Beauty by Karlen
ELEVATE YOUR BEAUTY GAME

Oorde
ATKV
BUFFELSPOORT
JOU VAKANSIE INSPIRASIE

ZEROPLUS
PRINTERS • EMBROIDERS

12 Elard Street,
Kloofbaai
012 333 6712
info@zeroplus.co.za
www.zeroplus.co.za

DESIGN & LAYOUT
PRINTING ENHANCEMENT
PROOFING
BINDING & PACKAGING
DELIVERY

NEW! EMBROIDERY

amoeba
TSC

DENVER
SPUR
STEAK RANCHES

012 804 3280
info@uitkykveismark.co.za

UITKYK
Meat & Supermarket

Harcourts
Evolve






NATIONWIDE

PLUMBING & ELECTRICAL

- ALL PLUMBING
- ALL ELECTRICAL
- RENOVATIONS
- GEYSER INSTALLATIONS
- FAULT FINDING
- AND MUCH MORE

064 532 1842 /
24/7



Oosie-parents give code 201
and the school qualifies for an amount.

ONS BEDANK

ONS

BL GHOLFDAG BORGE

2026!

90+ YEARS

AfriSam
Concrete Solutions

Willard
Batteries
PRESS

BERCHTESGADEN
GAME RANCH & LIFESTYLE FARM

ARRIE NEL
PHARMACY GROUP
Family Values,
Value for the whole Family!

TOTIUSDAL PHARMACY
012 332 1911 / 012 332 1912
totiusdal@arriemel.co.za

ADDRESS: 779 Codonia Avenue, Waverley, Pretoria, Gauteng
WEBSITE: www.arriemel.co.za
WHATSAPP/EMERGENCY: 011 549 2255

ARRIE NEL
GROUP WHOLESALER

pharmed
Independent Pharmacists

NuSkinnovation
Centurion

LEKKERfm
www.lekkerfm.com

COLBYN GOLF PARK

JAKKELSDROEP

The Honey Pot Brewery

P BIER BUSES / BUSDIENSTE



**SAFEKEEPING
VAULTED**



**AXON
SECURITY**



**MDS MOTOR
DEALER**



scissors point



PnA
colour your world



PROSHIELD
SECURITY SERVICES
"We Guard Your City"




90 YEARS
BUILD IT ONCE.
EXACTLY WHAT YOU NEED, WHEN YOU NEED IT!



Build it
Koedoespoort



Salon Chanselle
HAIR & BEAUTY SALON
073 548 6610



Pick n Pay
Waverley

Ondersteun asseblief
ONS BORGE!



REITZ STOEIKLUB
NOU OP
**HOËRSKOOLOOS-MOOT
SE PERSEEL!**



Word deel van hierdie sport op ons eie perseel.

Stoei ontwikkel vaardighede wat voordelig is vir verskeie ander sportsoorte en die sport groei vinnig in Suid-Afrika.

STOEI ONTWIKKEL:

- KRAG & SPIERUITHOVERMOE
- BALANS & LIGGAAMSBEHEER
- RATSHEID & KOÖRDINASIE
- DISSIPLINE & GEESTELIKE WEERBAARHEID
- SELFVERDEDIGING & SELFVERTRoue

ME T JORDAAN :
jordaant@oos-moot.co.za

CHRISTO REITZ (EIENAAR) :
+27 (82) 322-2392